10 PRAKTIESE WENKE:
'n VRIENDELIKE KERK VIR
PERSONE MET GESTREMDHEID

"ROOM For More" U
RAMP
People with disabilities at Home in the Church
www.rampup.co.za

1. Skep 'n warm, vriendelike, verwelkomende omgewing:

Groet mense met gestremdhede presies soos julle ander sal groet. Kommunikeer dit duidelik dat julle mense met gestremdhede en diegene wat by hulle betrokke is, liefhet, dat hulle by julle kerk ingesluit is en daarom aan die Familie behoort.

2. Verskaf basiese opleidingsgeleenthede vir sensitisering van bv. jeuggroepe, kerkpersoneel en vrywilligers:

Neem kennis van die wenke vir basiese etiket ten opsigte van mense met gestremdhede. Nooi 'n kundige op die gebied van gestremdheid om jou kerk te besoek. Bekom bronne vir 'n gestremdheidsbediening. Vra mense met gestremdhede wat húlle nodig het. Sien www.rampup.co.za vir baie bronne in hierdie verband.

3. Verbeter fisiese toeganklikheid. Maak veranderinge waar nodig:

Vra mense met gestremdhede, bv. mense met gehoor-, visuele of mobiliteitsgestremdhede, watter probleme hulle in die kerkgebou het en maak die nodige aanpassings. Indien nodig verander die toegang tot die hoofingang, die ouditorium, kleedkamers en klaskamers.

4. Maak dit vir mense met gestremdhede moontlik om deel te neem aan bediening in die kerk:

Byvoorbeeld, sluit mense met gestremdhede by die leierskap van die kerk in. Lidmate met gestremdhede kan ook help om bv. kerkgangers te verwelkom, te dien as plekaanwysers of helpers by die nagmaalbediening. Vra mense met gestremdhede om uit die Skrif voor te lees, of om hulle getuienisse te lewer. Sluit hulle ook in by die aanbiddings- en gebedspanne.

5. Voorsien gestremdheidstoeganklike materiaal:

Stel grootdruk Bybels en liedboeke beskikbaar. Reël met blinde persone in verband met die beskikbaarheid van Braille gesangboeke.

Oorweeg dit om lus-sisteme vir gehoorgestremdes in die kerkgebou te installeer.

6. Voorsien genoeg ruimte oral in die kerk vir rolstoelgebruikers:

Maak 'n paar banke korter, of haal 'n stoel of twee uit party rye, sodat rolstoelgebruikers by hulle familie en vriende kan sit.

7. Voorsien 'n tolk in Gebaretaal vir mense met gehoorgestremdheid:

Plaas die tolk in 'n helderverligte plek vanwaar hy/sy sigbaar is vir diegene wat Gebare taal gebruik.

8. Algemene wenke vir kommunikasie en interaksie:

Behandel mense met gestremdhede met net soveel respek as ander.

Praat direk met die persoon met 'n gestremdheid en moenie sy/haar familielid of helper as tussenganger gebruik nie.

Tree ontspanne tussen mense met gestremdhede op en moenie oordadig handel nie.

Moenie verstrengel raak in eufemismes soos 'fisies uitgedaag' (physically challenged), of 'anders bekwaam' (differently abled) nie.

In gewone spreektaal, plaas die persoon eerste, nie die gestremdheid nie bv. "Hy is 'n kind met outisme" en nie "hy is 'n outistiese kind" nie.

9. Voorsien hulp in die toeganklike parkeerterrein:

Stel iemand beskikbaar om mense met fisiese gestremdheid te help om uit hulle voertuie te klim.

Bied aan om die rolstoel te stoot as dit nodig is. Aanvaar dit as dit nie nodig is nie.

Hou 'n rolstoel byderhand om mense met mobiliteitsprobleme mee te help.

10. Voorsien 'n 'tjommie' of 'n mentor vir diegene wat hulp benodig:

Benut helpers om mense met gestremdhede by te staan met hulle deelname aan aanbiddingsdienste.

Vorm 'n 'tjommie'-stelsel om kinders met gestremdhede in die Sondagskoolklasse te help waar nodig.

Wees egter ten alle tye respekvol, sonder om die indruk te skep dat die persoon hulpeloos is.

Hierdie opsomming is saamgestel uit inligting vervat in http://www.joniandfriends.org